# OORDELE – 1
**(Mammon)**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

TEMA: **MAMMON**

**SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING:**

**Psalm 8:5 wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?**
**Psalm 8:6 U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.**
**Psalm 8:7 U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:**
**Psalm 8:8 skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld,**
**Psalm 8:9 die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.**
**Psalm 8:10 o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!**

+++

**Psalm 139:13 Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.**
**Psalm 139:14 Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed.**
**Psalm139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**
**Psalm139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**
**Psalm139:17 Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God! Hoe geweldig is hulle volle som nie!**

+++

**Lukas 16: 9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.**

+++

**Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

+++

**Hebrews 13:20 Now may the God of peace [**_the source of serenity and spiritual well-being_**] who brought up from the dead our Lord Jesus, the great Shepherd of the sheep, through the blood *that sealed and ratified* the eternal covenant,** [Isa_55:3; Isa_63:11; Eze_37:26; Zec_9:11]

+++

**Hebrews 13:21 equip you with every good thing to carry out His will *and* strengthen you [**_making you complete and perfect as you ought to be_**], accomplishing in us that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ, to whom be the glory forever and ever. Amen. AMP**

+++

**1 Corinthians 14:33 For God is not *the author* of confusion, but of peace, as in all churches of the saints. NKJ**
**1 Corinthians 14:33 for God [*who is the source of their prophesying*] is not *a God* of confusion *and* disorder but of peace *and* order. As [*is the practice*] in all the churches of the saints (God's people), AMP**

+++

**Hebrews 12:2 [*looking away from all that will distract us and*] focusing our eyes on Jesus, who is the Author and Perfecter of faith [*the first incentive for our belief and the One who brings our faith to maturity*], who for the joy [*of accomplishing the goal*] set before Him endured the cross, disregarding the shame, and sat down at the right hand of the throne of God [*revealing***

-o0o-

***His deity, His authority, and the completion of His work*]. [Psa 110:1]**

+++

**Hebrews 12:2 Looking unto Jesus, the author and finisher of *our* faith; who for the joy that was set before him endured the cross, despising the shame, and has sat down at the right hand of the throne of God. NKJV**

-o0o

## 1. AANKONDIGING !

- **Daar is 'n verskriklike oordeel aan die kom**.
  - Wat is hierdie oordeel?
  - Wie gaan onder hierdie oordeel val?
  - Waarom moet die Lewende God hierdie oordeel oor die aarde bring?

Ek gaan dit met julle deel soos die Gees dit aan ons openbaar deur die Skrifte.

## 2. GOD SE DROOM OOR ONS

In die eerste plek, moet die mens God se skeppingsdoel besef. Waarvoor het God die mens gemaak? Ons vind die antwoord in Psalm 8

i. **Psalm 8:5 wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?**
**Psalm 8:6 U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.**

Daardie ***goddelike wese*** is nie engele nie, want geen engel is na die beeld van God geskape nie. Dit is net ek en jy as mens wat in 'n bloedverbond met die Lewende God staan, geen engel nie. Waarom het Hy ons met ***eer en heerlikheid*** beklee? Om te ***heers oor die werke*** van Sy hande. Dit is die roeping wat God op die mens geplaas het.

*(Nota: Ek gaan nie volledig die El Shaddai eienskap van God bespreek nie, want dit is te lank. Ek behandel dit wel in diepte in die kursusse, sodat mense kan verstaan wat die El Shaddai eienskappe van die Lewende God is).*

ii. **PSALM 8: 7 U laat hom heers oor die werke van U hande; U het alles onder sy voete gestel:**

Ek en jy as mens is daar om oor die handewerk van God te heers. Die Amplified stel dit baie mooi in Hebreërs 13:20. Die Afrikaans is nie baie duidelik omtrent dit nie. "*God the author who brought the peace among the people*"

**Heb 13:20 Now may the God of peace [*the source of serenity and spiritual well-being*] who brought up from the dead our Lord Jesus, the great Shepherd of the sheep, through the blood *that sealed and ratified* the eternal covenant** AMP

**Heb 13:21 equip you with every good thing to carry out His will *and* strengthen you [*making you complete and perfect as you ought to be*], accomplishing in us that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ, to whom be the glory forever and ever. Amen**. AMP

iii. **Psalm 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

Hy is die Outeur. In Psalm 139 vanaf vers 13 tot 17 lees ons van die boek wat God geskryf het, van die ***dae dat alles bepaal was,*** toe nie een nog bestaan het nie.

Heb 13:20 sê dat God 'n ewige verbond met die mens gesluit het ***through the blood that sealed and ratified the eternal covenant Amp***

Ons het reeds alles ontvang om die wil van die Vader te kan doen. Dit wat geskrywe is in die Woord, het ek en jy reeds ontvang om God se droom, Sy hartsbegeerte en Sy visie oor elke mens op aarde te vervul.

-o0o-

## 3. VERLEIDELIKE MAMMON

Satan het weer gekom met sy vervalsings / nabootsing (counterfeit) van dit wat God vir ons gegee het, om God mee te verheerlik. Onthou, niks behoort aan ons nie, nie tyd, geld, ons kinders, huise of karre nie. Die Bybel sê baie duidelik dat ons naak in hierdie lewe ingegaan het en dat ons naak hier sal uitgaan. Niks het nog ooit aan ons behoort nie. Hierdie lewe is net 'n toets area van hoe getrou ons is met dit wat God aan ons toevertrou het, om te bepaal of God ons kan vertrou met tyd en die ewigheid! As Hy ons nie nou kan vertrou met tyd nie, gaan Hy nooit vir ons in die ewigheid heerskappy kan gee nie. As Hy ons nie aan hierdie kant betroubaar kan ag met skatte nie, sal Hy ons nie anderkant betroubaar kan ag met skatte nie. Dit is waar Lukas 16 inkom.

**Luk 16: 9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.**

Daar is mense aan hierdie kant van die graf wat besittings, skatte, rykdom en geld het wat anderkant nie eers n blyplek gaan hê nie.

- Hulle het nie die regte beleggings gemaak in God se Koninkryk nie;
- Hulle het deel geword van die Babiloniese sisteem,
- Hulle het alles vir hulleself opgeëis en 'n eie koninkryk gebou in plaas daarvan om God se Koninkryk te verryk.

Ons het nou gesien dat die mens daar is om God te verheerlik en om Sy wil te doen, met dit wat God vir hom gegee het. Wat doen die mens?

- Die mens raak betrokke in sy eie vleeslike begeertes en jaag die vlees na.
- Hy begin om homself met skatte te verryk en maak bymekaar dit wat mot en roes gaan verniel.
- Hy verheerlik satan met God se goed, plaas dat hy dit in die ewigheid belê en aan God bewys hoe betroubaar hy is.

## 4. OORDEEL

Daarom sal oordeel op hom kom. Nou sê die Here vir ons in Haggai

**Haggai 2: 6 Want so sê die Here van die leërskare: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie , dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.**

Onthou julle daardie visioen wat ek gesien het, waar die hele aarde so begin bewe het, dat geen mens kon bly staan nie? Dit is presies dit.

**Haggai 2:7 Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskare.**
**Haggai 2:8 Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die HERE van die leërskare.**
**Haggai 2:9 Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê die HERE van die leërskare; en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die HERE van die leërskare.**

Soos Jesus in die gelykenis vra waarop hul huis gebou is as die skudding kom, so sal hierdie oordeel kom.

- Is dit op allerhande nietighede gebou of is dit op die Rots gebou?
- Is dit regtig op die beginsels van die evangelie gebou?
- Staan dit vas op 'n vaste fondasie wat gelê is deur die apostels en die profete, soos die Woord van die Here vir ons sê?

Dit is nou baie duidelik dat Hy in Haggai sê dat hierdie oordeel op die mens sal kom, op die hele aarde, op alles. Ons sal dan sien of hierdie dinge staande sal bly of verkrummel en vernietig word.

-o0o-

Nou neem ek julle na die Babiloniese sisteem, die namaaksel (counterfeit) toe. Onthou, daar is drie koninkryke waarin ons kan bou en ons bou elke liewe oomblik van elke dag in een van daardie drie.

### 4.1 KONINKRYK VAN DIE LIG

Die eerste koninkryk is die Koninkryk van die **Lig**. Dit is die Koninkryk van God van die hemel in Christus Jesus hier op aarde.

- Christus is die saad wat uit die hemel neergedaal het.
- Hy is die manna wat uit die hemel neergedaal het, sodat ek en jy die brood van die lewe kan ontvang, sodat ek die identiteit van Sy gestalte kan aanneem.

Ek neem julle nou weer terug na dit wat God vir Moses gesê het. Hy het gesê dat Hy aan hom getoon het, presies soos wat in die hemel is, so moet hy die Tabernakel op hierdie aarde maak. (Sien lesing Eersteling Offer). Dit is die voorbeeld wat God die Vader vir ons as mens gegee het op hierdie aarde, Christus Jesus, Sy Woord. Ons mag daarvan nie afwyk nie. Die oomblik sodra ons enigiets aan hierdie Woord, aan hierdie hele raadsplan van God, aan dit wat Hy in Sy Woord sê verander en van dit 'n godsdienstige sisteem maak, is dit n replika.

- Dit is dan nie meer die identiese DNA wat vir ons neergedaal het uit die hemel nie.
- Ons het dan iets anders begin maak as 'n koringkorrel, want Hy is die koringkorrel wat vir die mensdom gesaai is.

My vraag aan jou, daar waar jy geestelik betrokke is,

- Is dit regtig die wil van God, of
- Is dit tradisies, godsdienste, sisteme, mensgemaakte goed, goed wat onbybels is, of
- Is dit regtig nog die replika van die evangelie?

**Ware liefde**

Mense, luister baie mooi vandag vir my, die hoof bestanddeel van die hele evangelie is Johannes 3:16.

**Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

In die eerste plek, moet daar **waaragtige liefde** wees. Ek praat nie van liefde soos "hallo hoe gaan dit met jou" nie. Dit moet diensknegskap liefde wees, die barmhartige Samaritaan. Die een moet bereid wees om sy lewe neer te lê vir die ander, nie oor dit wat ons gehoor het of goed wat ons sê nie, maar liefde wat ons lewe.

Is daar regtig in jou lewe 'n getuienis van ***so lief het God die wêreld gehad*** dat Hy vir Gert, Jan, Piet, Koos, Sannie, Annie, wie ook al gestuur het in Christus Jesus, om die getuie te wees van Christus Jesus se liefde vir die mensdom?

Hoeveel mense kan die Here verheerlik, vir die laaste dag of twee of vyf of tien van jou lewe, omdat jou lewe hulle paaie gekruis het? Hoeveel mense? As jy nie van die liefde van Jesus Christus kan getuig nie, dan is jy op die verkeerde plek. Jammer, maar dit is die waarheid, want die hoof bestanddeel van die hele evangelie is liefde.

### 4.2 DIENSBAAR

Die tweede is **diensknegskap** / onderwerping (submission). Nie om oor ander te heers of om instruksies uitdeel nie, maar om die persoon op die pad te help. Jy moet bereid wees om onder hom in te beweeg, sodat jy hom kan optel uit daardie duister put van gebondenheid, daardie put van seerkry, siekte, peste, kwale, hartseer, verdriet, of wat ook al die satan oor sy lewe gebring het.

-o0o-

- Is jy bereid om onder hom in te beweeg en vir hom jou lewe neer te lê?
- Is jy bereid om ŉ brug vir die nasies te bou, sodat hy kan oorgaan en ook die ware evangelie anderkant kan geniet?

Hierdie is nie ŉ kwessie van ek het dit eergister of laas week of laas jaar een keer gedoen nie. Dit is n lewenswyse. As jou hele lewe ŉ getuienis is, kan jy sê dat jy aan die regte kant is. Dan kan jy begin om ŉ getuie te wees van Jesus Christus se liefde vir die mensdom hier op aarde. Mense sal Christus Jesus in jou lewe ervaar, sien en belewe. Jy sal ŉ lewende sendbrief wees wat uitgaan en kan getuig van die liefde van Christus Jesus in jou lewe. Mense, as julle dit nie kan sien in die samekoms van die heiliges nie, jammer, dan is julle op die verkeerde plek.

- Dit is die lewenswyse,
- dit is die DNA wat God vir die mensdom gegee het, sodat ons die wil van God kan vervul in Christus Jesus.
- Dit is daardie evangelie wat Hy begin het, daardie voorbeeld wat Hy begin het in die bo-vertrek, toe Hy gesê het dat dit Sy liggaam is wat vir ons gebreek word.

Hoeveel keer was jou liggaam al gebreek vir iemand anders? Hoeveel keer moes jy al jou koskaste leeg maak vir arm en honger mense, of ‘n ekstra myl saam loop het met iemand? Hoeveel keer moes jy al iets uit jou lewe gevat het wat vir jou waardevol was, en dit vir iemand anders gegee het wat dit nodig gehad het? Dan begin ‘n mens wonder hoeveel van ons regtig op die regte pad is, of gaan dit nog oor my!!

Ek en my vrou weet waarvan ons praat. Daar was baie kere wat die Here vir ons gesê het om die laaste sent wat ons gehad het, geld wat ons pas ontvang het, vir ‘n persoon te gee omdat dit nie aan ons behoort nie. Dit het nie een keer gebeur nie, dit het baie kere gebeur. God het ons getoets en Hy toets ons vandag nog. Die kwessie is net, hoe dra ek en jy daardie evangelie van liefde en diensknegskap uit in hierdie wêreld?

-o0o-

Nota: Volg asseblief die ander lesings in die reeks “Oordele”.